Dink daaraan, vergeet nie

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Génesis 9:8–17; Deuteronómium 4:32–39; Openbaring 14:12; Deuteronómium 4:9, 23; 6:7; 8:7–18; Efésiërs 2:8–13.

Geheueteks: **“ ‘Dink daaraan, vergeet nie hoe jy die HERE jou God in die woestyn vertoorn het nie; van die dag af dat jy uit Egipteland uitgetrek het, totdat julle by hierdie plek gekom het, was julle wederstrewig teen die Here’ ”** *(Deuteronómium 9:7)***.**

Dis woorde wat regdeur die Bybel verskyn: *Dink daaraan* en *vergeet* nie. Beide verwys na ’n menslike eienskap, iets wat in ons gedagtes (ons verstande) plaasvind. Beide is werkwoorde, en teenoorgesteldes: om daaraan te dink, is om nie te vergeet nie, en om te vergeet is om nie daaraan te dink nie.

God sê dikwels aan sy volk om aan al die dinge wat Hy vir hulle gedoen het, te dink; om aan sy genade en sy goedheid teenoor hulle te dink. Soveel van die Ou Testament bestaan uit wat die profete aan die volk, die Hebreeuse volk, gesê het, om nie te vergeet wat die Here vir hulle gedoen het nie. Maar ook die belangrikste, dat hulle nie moes vergeet wat hulle roeping in Hom was en watter tipe mense hulle moes wees as gevolg van daardie roeping nie. “Ek dink aan die dade van die Here ; ja, ek wil dink aan u wonders uit die voortyd” *(Psalm 77:12)*.

Is dit enigsins anders vir ons vandag, beide op korporatiewe vlak en, selfs nog meer, op persoonlike vlak? Hoe maklik is dit nie om te vergeet wat God vir ons gedoen het nie.

Hierdie week kyk ons na hierdie belangrike beginsel van om daaraan te dink soos wat dit in Deuteronómium weergegee word, en om nie God se wisselwerking in ons lewens te vergeet nie.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 4 Desember.*

Dink aan die reënboog

Die eerste keer wat die woorde "dink aan" in die Bybel verskyn, is in Génesis 9, toe die Here nadat die wêreldwye vloed plaasgevind het, aan Noag gesê het dat Hy sy boog in die wolke sal gee as 'n teken van die verbond tussen Hom en die aarde, en dat Hy nooit weer die aarde met 'n vloed sal verwoes nie.

Lees **Génesis 9:8–17. Hoe word die woorde "dink aan" hier gebruik, en wat kan ons daaruit leer hoe ons daaraan moet dink wat God vir ons gedoen het?**

_____

_____

Natuurlik het God nie die reënboog nodig om aan sy belofte en aan sy verbond te dink nie. Hy het net woorde wat die mense kon verstaan, gebruik. Indien dit enigiets sou voorstel, sou dit wees dat die reënboog vir ons as mense gegee was om aan God se belofte en verbond te dink om nie die wêreld weer met water te verwoes nie. Met ander woorde, die reënboog was gegee om die mens te help om aan hierdie spesiale verbond wat God gesluit het, te dink; elke keer wat die reënboog verskyn, sou God se volk daaraan dink dat die vloed nie net God se oordeel oor die sondes van die wêreld was nie, maar dat dit ook sy liefde vir die wêreld en sy belofte om nie weer 'n vloed te stuur nie, bevestig.

Ons sien dus hier hoe belangrik dit is om daaraan te dink: dink aan God se beloftes, dink aan God se waarskuwings, dink aan God se optrede in die wêreld.

Die reënboog in die wolke word nog meer belangrik in ons dae omdat baie wetenskaplikes die idee dat daar ooit 'n wêreldwye vloed was, verwerp, en hulle oortuiging op die bestendigheid van die natuurwette baseer. Dis baie interessant dat Ellen G. White ook skryf dat daar mense voor die vloed was wat dieselfde geglo het dat die vasgestelde natuurwette die moontlikheid van 'n wêreldwye vloed uitgesluit het. Sy skryf dat die geleerde manne geredeneer het dat "sy wette so vasgestel is dat God hulle self nooit kon verander nie." — *Patriarge en Profete*, bl. 97. So, voor die vloed het die mense geredeneer dat dit nie kon gebeur nie omdat die natuurwette vasgestel was; en na die vloed redeneer die mense dat, weens die vasgestelde natuurwette, dit nooit plaasgevind het nie.

Maar, God het in sy Woord aan ons die verhaal van die vloed vertel, en ook 'n teken aan die wêreld gegee, nie net van die vloed nie, maar ook van sy belofte om dit nie weer te laat gebeur nie. Ons kan dus, as ons daaraan dink wat die reënboog beteken, sekerheid hê dat God se Woord vas is deur wat in die wolke met pragtige kleure geskryf staan. En as ons sy Woord oor hierdie belofte glo, hoekom nie ook sy Woord glo oor alles wat Hy aan ons sê nie?

Die volgende keer wat jy 'n reënboog sien, dink aan God se beloftes. Hoe kan ons leer om al daardie beloftes te glo?

Die vorige dae wat voor jou gewees het

In Deuteronómium 4 het ons van die wonderlike verordeninge gelees wat die Here deur Moses aan sy volk gegee het oor hulle groot voorregte as God se uitverkore volk. Hy het hulle uit Egipte uitgelei " 'deur versoekinge, deur tekens en wonders en deur oorlog en deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm en deur groot skrikwekkende dade soos die Here julle God met julle voor jou oë in Egipte gedoen het' " *(Deuteronómium 4:34)*. Met ander woorde, God het nie net iets groots vir hulle gedoen nie, Hy het dit op maniere gedoen wat hulle behoort te help om te onthou en nooit te vergeet watter groot dinge Hy vir hulle gedoen het nie.

Lees **Deuteronómium 4:32–39. Wat het die Here vir hulle gesê dat hulle moet onthou, en waarom was dit so belangrik dat hulle aan hierdie dinge moes dink?**

_____

_____

Moses neem die volk terug deur die hele geskiedenis, selfs tot by die skepping ook, en vra hulle retories of enigiets al ooit in die geskiedenis gedoen was soos wat vir hulle gedoen was. Die feit is, hy sê aan hulle om te vra; d.w.s., om vir hulleself te studeer en te sien of enigiets soos wat hulle ondervind het al ooit voorheen gebeur het. Deur aan hulle 'n paar vrae te vra, het Moses probeer om hulle te kry om te besef wat die Here vir hulle gedoen het, en hoe hulle dus eintlik erkentlik en dankbaar teenoor Hom moes wees vir sy magtige dade in hulle lewens.

Die belangrikste van hierdie dade was die bevryding uit Egipte en, in 'n sekere sin wat selfs meer verbasend was, toe Hy met hulle by Sinai gepraat het waar hulle toegelaat was om "sy woorde uit die vuur" te kon hoor.

Lees **Deuteronómium 4:40. Tot watter slotsom wou Moses gehad het moes die volk deur hierdie woorde oor wat God vir hulle gedoen het, kom?**

_____

_____

Die Here het nie al daardie dinge sonder 'n doel gedoen nie. Hy het sy volk bevry en so sy deel van die verbond wat Hy met hulle gesluit het, nagekom. Hulle was uit Egipte bevry en op die punt om die Beloofde Land binne te gaan. God het sy kant gebring; hulle moes nou hulle deel doen wat eenvoudig beteken het dat hulle Hom moes gehoorsaam.

Hoe verteenwoordig hierdie voorbeeld die plan van verlossing soos dit in die Nuwe Testament weergegee word? Wat het Jesus vir ons gedoen, en hoe moet ons op wat Hy vir ons gedoen het, reageer? *(Lees Openbaring 14:12.)*

Neem jou net in ag . . . dat jy nie vergeet nie

Lees **Deuteronómium 4:9, 23. Wat sê die Here aan hulle hier wat hulle moet doen, en hoekom is hierdie bevel vir die volk so belangrik?**

_____

_____

Die woorde "neem jou net in ag" en "vergeet nie" staan uit in hierdie twee verse. Wat die Here aan hulle sê, is: *neem julle in ag sodat julle nie vergeet nie*. Dit wil sê, moenie vergeet wat die Here vir julle gedoen het nie, ook nie die verbond wat Hy met julle gesluit het nie.

Die werkwoorde "neem in ag," *smr*, (wat in Deuteronómium 9 in 'n verskillende vorm gebruik en vertaal word as "neem jou net in ag"), word regdeur die Ou Testament herhaal, en beteken om "in ag te neem," "te waak," "te handhaaf," of om "op jou hoede te wees." Dis baie interessant dat die eerste keer wat hierdie woord in die Skrif verskyn, voor die sondeval is, toe die Here aan Adam gesê het om die tuin wat Hy aan hulle gegee het te bewerk en te "bewaak" *(Génesis 2:15)*.

Nou sê die Here aan die volk, aan elkeen persoonlik (die persoonsnaam word in die enkelvoud gebruik), om "jou" in ag te neem, dat "jy" die dinge nie vergeet nie. Hierdie "vergeet" het nie met geheueverlies te doen nie (hoewel dit met tyd en met opeenvolgende geslagte wel kan gebeur), maar meer in die sin van nalatigheid soos om verbondsverpligtinge nie na te kom nie. Dit wil sê, hulle moes onthou het wie hulle was en of hulle daarvolgens tot eer van God geleef het voor die ander Hebreërs en die vreemdelinge by hulle, en voor die nasies rondom hulle.

Lees **Deuteronómium 4:9 weer** *(lees ook Deuteronómium 6:7 en 11:19)***, maar fokus op die laaste gedeelte wat sê dat hulle hulle kinders en kleinkinders daarvan moet vertel. Hoe sou dit hulle gehelp het om nie te vergeet nie?**

_____

_____

Dit is nie toevallig dat net nadat Moses aan hulle gesê het om nie te vergeet nie, die dinge nie uit jou "hart wyk nie", hy aan hulle sê om dit aan die volgende geslag en die daaropvolgende geslagte bekend te maak. Hulle kinders moes nie net van hierdie dinge hoor nie, maar wat dalk nog meer belangrik is, deur die verhale van wat God vir hulle gedoen het oor en oor te vertel, sou die volk self nie daarvan vergeet het nie. Daarom was dit die beste manier om die kennis oor wat God vir sy uitverkore volk gedoen het, te bewaar.

Hoe het nie net ander mense nie, maar ook jy, daarby gebaat om van jou ondervinding met die Here te hoor nie? Hoe het die oorvertelling van hoe God jou gelei het jou gehelp om nie te vergeet hoe Hy jou gelei het nie?

Eet en versadig word

'n Vorige kerkleier wat by die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® vir 34 jaar gewerk het, het vertel hoe hy en sy vrou baie jare gelede by 'n lughawe gearriveer het en toe ontdek het dat 'n stuk van hulle bagasie verlore geraak het. "Net daar," het hy gesê, "by die bagasievervoerband en in die openbaar, het ons gekniel en die Here gevra om ons te help om ons verlore bagasie terug te vind." Baie jare later, vertel hy, het dieselfde weer gebeur: hulle het by die lughawe gearriveer, maar 'n deel van hulle bagasie het nie. Hy sê toe vir sy vrou, "Moenie daaroor besorgd wees nie", die "versekering sal uitbetaal".

Lees Deuteronómium 8:7–18 met hierdie verhaal in gedagte. Watter waarskuwing gee die Here hier aan sy volk, en wat behoort dit ook vir ons vandag te beteken?

_____

_____

Kyk na wat hulle getrouheid aan die Here vir hulle in die sak sou bring. Hulle sou nie net 'n wonderlike vrugbare land besit het nie, "' 'n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie; ' " *(Deuteronómium 8:9)*, maar hulle sou uitermatige seëninge in die land geniet het: troppe vee en kuddes en goud en silwer en pragtige huise. Dit wil sê, hulle sou al die materiële geriewe wat hierdie wêreld kan bied, ontvang het.

Maar, hulle sou voor die gevaar wat gewoonlik met rykdom en fisiese voorspoed gepaard gaan, te staan gekom het, naamlik om te vergeet dat dit net die Here is " 'wat jou krag gee om rykdom te verwerwe' " *(Deuteronómium 8:18)*.

Miskien nie aan die begin nie, maar soos die jare verbygegaan het en hulle al die materiële geriewe gehad wat hulle benodig het, sou hulle hulle verlede vergeet het, vergeet het hoe die Here hulle deur die "groot en vreeslike woestyn" gelei het *(Deuteronómium 1:19)*, en sowaar sou gedink het dat dit hulle eie knapheid en talente was wat hulle in staat gestel het om so suksesvol te wees.

Dit is presies waarteen die Here hulle gewaarsku het (en ongelukkig, volgens die latere profete se geskrifte, was dit presies wat met hulle gebeur het).

Daarom, terwyl hulle voorspoed geniet het, het Moses vir hulle gesê om te onthou dat alles wat hulle gehad het, net deur die Here se toedoen was en dat hulle nie deur die materiële seëninge wat Hy aan hulle gegee het, mislei moes word nie. Eeue later het Jesus self 'n gelykenis van 'n saaier vertel om sy volgelinge en die skare teen "die verleiding van die rykdom" *(Mark 4:19)* te waarsku.

Dit maak nie saak hoeveel geld en materiële besittings ons besit nie, ons is almal vlees en bloed wat wag om begrawe te word. Wat behoort dit aan ons oor die gevare van die rykdom te sê, wat kan veroorsaak dat ons ons behoefte aan die enigste Een wat ons van die graf kan red, sal vergeet?

Dink daaraan dat jy ’n slaaf was

Lees **Deuteronómium 5:15; 6:12; 15:15; 16:3, 12, en 24:18 en 22. Wat wou die Here gehad het dat hulle spesifiek nooit moes vergeet nie, en waarom?**

_____

_____

Soos ons regdeur die Ou Testament sien, het die Here die volk oor en oor aan die Uittog herinner, aan hoe hulle wonderbaarlik deur God uit Egipte gered was. Vandag nog, duisende jare later, vier ortodokse Jode steeds die Paasfees, ’n herdenking van wat die Here vir hulle gedoen het. “En as julle in die land kom wat die Here aan julle sal gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie diens onderhou. En as julle kinders julle vra: ‘Wat beteken die diens daar?’ Dan moet julle sê: ‘Dit is ’n paasoffer aan die Here, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het.’” *(Exodus 12:25–27)*.

Die Paasfees is nog steeds vir die kerk vandag ’n simbool van verlossing in Christus: “want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus” *(I Korinthiërs)*.

Lees **Efésiërs 2:8–13. Wat word daar aan hierdie heidense gelowiges gesê om te onthou? Hoe vergelyk dit met wat in Deuteronómium aan die Hebreërs gesê was om te onthou?**

_____

_____

Paulus wou gehad het dat die Efesiërs moes onthou wat God vir hulle in Christus gedoen het, hoe Hy hulle gered het en wat hulle nou deur die genade van God, besit het. Net soos die kinders van Israel was daar niks in en deur hulle wat hulle aan God aanbeveel het nie. In plaas daarvan was dit net God se genade alleen wat aan hulle gegee was, wat hulle gemaak het wat hulle in Christus Jesus was, selfs al was hulle “vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte”.

Of dit nou Jode in die woestyn was, of Christene in Éfese, of Sewendedag-Adventiste op enige plek in die wêreld, dis uiters belangrik vir ons om altyd daaraan te dink, en om nie te vergeet nie, wat God vir ons in Christus gedoen het. Geen wonder dan dat die volgende woorde aan ons gerig word nie: “Dit sou vir ons heilsaam wees om elke dag ’n uur aan die bepeinsing van die lewe van Christus te bestee. Ons moet dit punt vir punt neem en die verbeelding toelaat om elke toneel te begryp, veral die slottonele. As ons so oor Sy groot opoffering vir ons peins, sal ons ’n standvastiger vertroue in Hom kry, sal ons liefde opgewek word en sal ons in ’n voller mate deur Sy gees vervul word.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 83.

Vir verdere studie: "Hoe groot is die neerbuigende liefde van God en Sy barmhartigheid teenoor Sy dwalende skepsele, dat Hy die pragtige reënboog as teken van Sy verbond vir die mensdom in die wolke sit? Die Here beloof dat Hy aan Sy verbond sal dink wanneer Hy die boog sien. Dit wil nie sê dat Hy dit ooit sal vergeet nie, maar Hy spreek tot ons in ons eie taal sodat ons Hom beter kan verstaan. Sy bedoeling was dat ouers, wanneer hulle kinders in toekomstige geslagte vra wat die betekenis is van die lieflike boog aan die hemele, die verhaal van die sondvloed moet vertel, en aan die kinders moet verduidelik dat die Allerhoogste die boog gebuig en in die wolke gehang het om die aarde te verseker dat hy nooit weer deur 'n sondvloed verwoes sal word nie. So sou dit van geslag tot geslag vir die mensdom 'n getuienis van die liefde van God wees en sy vertroue in God versterk." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 106-107.

Sedert die stigting van die Christendom was daar nog nooit 'n kerk wat soveel weelde en stoflike geriewe geniet het as wat die kerk in sommige lande van die wêreld vandag geniet nie. Die vraag is, *ten koste van wat?* Sulke oorvloed beïnvloed *sonder twyfel* ons geestelike lewe — en ook nie ten goede nie. Hoe dan anders? Van wanneer af het rykdom en materiële oorvloed die Christelike deugde van selfverloëning en selfopoffering bevorder? In die meeste gevalle vind die teenoorgestelde plaas: hoe meer die mens het, hoe meer selfonderhoudend word hulle, en hoe minder vertrou hulle op God. Rykdom en vooruitgang, hoe aangenaam dit ook al mag wees, bevat baie gevaarlike strikke wat geestelike groei belemmer.

Vrae vir bespreking:

❶ Bespreek die vraag hoe rykdom (wat baie relatief kan wees; d.w.s., iemand wat nie as ryk in sy eie land gesien word nie mag dalk as uitermate ryk deur die mense van 'n ander land beskou word) ons beïnvloed, en hoe dit op ons geestelikheid inwerk. Op watter maniere kan diegene "wat geld het" hulle geestelikheid teen die gevare wat oorvloed inhou, beskerm?

❷ Praat oor die eindtonele in Christus se lewe in die klas en wat dit aan ons sê oor God se liefde vir ons, en hoekom ons nooit die werklikheid van sy liefde moet vergeet nie. Watter ander dinge kan jy aan dink wat die goedheid van God openbaar, en hoekom ons altyd hierdie werklikheid in gedagte moet hou?

❸ Terwyl sommige wetenskaplikes sê dat daar nooit 'n wêreldwye vloed was nie ten spyte van die Bybel se weergawe (en ook die reënboog as bewys) daarvan, sê sommige ook dat daar geen sesdag-skepping was nie, wat natuurlik die sewende dag Sabbat wat gedenk moet word, insluit. Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe kragtig en negatief kultuur op geloof kan inwerk?